15. Diakonale Sake

15.1 RAPPORT 1: DIAKONALE SAKE – DIAKONALE INRIGTINGS

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)

1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.

1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.

1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.

1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.

1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Skakeling na binne*

2.1.1 Die tydige beskikbaarstelling van finansiële inligting. Die Administratiewe Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem (Acta 2003:149, 3.1) en bystand aan die tehuise op dié terrein verleen.

2.1.2 Die opstel van die nodige begrotings en beskikbaarstelling van maandelikse finansiële inligting.

2.1.3 Telefoniese skakeling met die tehuise asook besoeke een tot twee keer per jaar.

2.1.4 Voordragte is by die Diakonale Kongresse gelewer.

2.1.5 Briewe is aan diakonieë en Kerkrade oor verskeie sake gerig. Oor sekere sake is daar diakonieë wat getrou reageer en dan ook bystand verleen. Tog is dit duidelik dat briewe oor die algemeen nie die nodige aandag geniet nie en die kerkverband behoort daarvan kennis te neem.

2.2 *Skakeling na buite*

2.2.1 <u>Skakeling met die Owerheid</u>

Die kinderhuise het direk, waar nodig, met Provinsiale Departemente van Welsyn geskakel.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

<u>Aanbeveling</u>

Die te benoemde Deputate die opdragte (pt 1) kontinueer.

Rapporteur: